Laerskool Westwood
011 894 6639/0
18 Phillips Weg, Westwood, Boksburg.

BELEID SPORTTOEKENNINGS (2016)

Tydens sport deelname kan ‘n seun/dogter vir ‘n moontlike 6 (ses) toekennings kwalifiseer na gelang van sy/haar prestasies. Die vlakke van prestasie is soos volg van laagste na hoogste toekenning. **(Indien ‘n leerling in aanmerking wil kom vir ‘n balkie en/of erekleure moet sodanige leerling aan die kwart-, half- en eindstryd se wedstryde/byeenkomste deelgeneem het of as amptelike reserwe gekies gewees het. Ingeval van ‘n besering voor die wedstryde/byeenkoms moet die afrigter/s absoluut seker wees dat so ‘n leerling wel ‘n seker keuse sou gewees het.)** Lees hierdie saam met alle toekennings. Vorige skole deelname word ook in berekening gebring mits die prestasie in die profiel aangeteken is of ‘n oorspronklike sertifikaat as bewys ingehandig word.

1. **Sertifikaat van Deelname :** Aan elke leerder wat aan ‘n spesifieke sportsoort deelgeneem het. (Moet ten minste vir 50% van alle oefeninge bywoon - reserwes tel asof vir span gekies)
2. **Sertifikaat van Gelukwensing** : Na gelang van behoefte per sportsoort.
3. **Sertifikaat van Verdienste** : 1ste spanne.
4. **Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie :** Deelname aan Dorpspan, Kring ligawenners
5. **Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie + Sport Balkie :** Dorp ligawenners, Distrikspan. Verdere wenners maar nog nie Provinsiale wenners.
6. **Erekleure :** Provinsiale span op hoogste vlak, Provinsiale ligawenners.

-slegs die hoogste toekenning verwerf per jaar word gemaak (Alle onderliggende prestasie op hoogste sertifikaat aangedui.
-vanaf sertifikaat van verdienste kan **3 agtereenvolgende** toekennings akkumuleer tot ‘n hoër toekenning.
Bv. **3 x Sertifikaat van Verdienste = Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie**
3 x Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie = Balkie
3 x Balkie = Erekleure
-Erekleure wapen word slegs eenmalig toegeken, daarna slegs **Erekleure balkies** per **sportsoort per jaar** (Erekleure balkies is ‘n ander kleur / formaat as prestasie balkies)

8. **Wit balkie :** Indien ‘n kind aan ten minste twee of meer sportsoorte en een of meer kultuuraktiwiteit/e of twee of meer kultuuraktiwiteite en een of meer sportsoort/e deelgeneem het en die vereistes van deelname bereik het, vir drie jaar agtereenvolgens (O/7-O/13), kwalifiseer sodanige leerling vir ‘n *Wit balkie : Deelname.* Hierdie toekenning kan slegs vir deelname binne skoolverband toegeken word.
Slegs die hoogste toekenning per jaar kan uitgedeel word, maw ‘n leerling kan nie ‘n *“witbalkie”* ontvang saam met ander balkies nie.
Sport Prysuitdelings – November/Desember – Gr. 7 ontvang onmiddellik hul erekleure / balkies, maar prestasie sal tydens prysuitdeling toegeken word.

A. ATLETIEK

1. Sertifikaat van Deelneme

Alle atlete wat aan die Interlaer byeenkoms deelneem of 50% van die vriendskaplike byeenkomste in die span was

2. Sertifikaat van Gelukwensing

Atlete wat vir die skool aan die Interlaerbyeenkoms deelgeneem het, en ‘n punt vir die skool verdien het (onder die eerste vyf plekke of soos deur die BLAV komitee besluit) ontvang hierdie toekenning.

3. Sertifikaat van Verdienste

Dit is die atlete wat gekies word om na die Interlaer aan die BLAV-atletiek deel te neem. (Moet deelneem)

4. Sertifkaat van Prestasie

Atlete wat aan die BLAV-byeenkoms deelgeneem het, en vir die BLAV-span gekies word om aan die Distriksbyeenkoms deel te neem, ontvang hierdie toekenning.(moet deelneem)

5. Atletiekbalkie + Sertifikaat van Prestasie

Atlete wat aan die Distriksbyeenkoms (D6) deelneem en vir die Distrikspan gekies word om aan die Provinsiale kampioenskappe (Gauteng) deel te neem ontvang hierdie toekenning.
Atleet moet aan kampioenskappe deelneem.

6. Erekleure

Wapen (eenmalig) + balkie + erekleuresertifikaat.
Atleet wat aan Provinsiale byeenkoms deelneem en vir Provinsiale span gekies word en aan die S.A-kampioenskappe deelneem ontvang hierdie toekenning. Nie SA deelname kwalifiseer nie vir erekleure

7. TROFEë

7.1. **Du Plessistrofee : VICTOR LUDORUM (Seun)**

- toegeken aan die seun met die hoogste punte totaal tydens die Inter Laerskole byeenkoms – kan slegs in sy eie ouderdomsgroep punte versamel.

Du Plessistrofee : VICTRIX LUDORUM (Dogter)

-toegeken aan die dogter met die hoogste punte totaal tydens die Inter Laerskole byeenkoms – kan slegs in haar eie ouderdomsgroep punte versamel.

JUNIOR - 0/7 tot 0/9; SENIOR - 0/10 tot 0/13

7.2. **Beste junior en senior atlete van die jaar**

Word toegeken aan die seuns en dogters wat die hoogste prestasie gelewer het, d.w.s. gevorder het tot op die hoogste vlak. ‘n Atleet moes ten minste die BLAV-span gehaal het om te kan kwalifiseer. Indien daar nie so ‘n atleet is nie word die toekenning nie gemaak nie.

7.2.1. **Prinsloo trofee : Junior seun**
7.2.2. **Kraft trofee : Junior dogter**
7.2.3. **Nico Erasmus trofee : Senior Seun**
7.2.4. **Nico Erasmus : Senior Dogter**

7.3. **Da Silva skild** - Word toegeken aan die seun of dogter wat aan die Nasionale kampioenskappe (SA) deelgeneem het. Indien meer as een atleet- die atleet wat die beste prestasie op die kampioenskappe gelewer het. Hierdie skild kan ook aan ‘n landloopatleet toegeken word indien daar niemand in atletiek gekwalifiseer het nie.

7.4. Seun/Dogters atleet van die dag : Die seun/dogter wat tydens die Bokkesport die meeste punte in sy/haar ouderdomsgroep bymekaar gemaak het

B. RUGBY

B.1. INDIVIDUE

1. Sertifikaat van Deelname

Word toegeken aan alle rugbyspelers van 0/7 – 0/13 (slegs tweede span en laer) wat gedurende die jaar ten minste 50% van alle wedstryde gespeel het. (Reserwes word getel as gespeel)

2. Sertifikaat van Gelukwensing

Toegeken soos behoefte ontstaan – leerling lewer ‘n sekere prestasie, maar kwalifiseer nie vir volgende hoër toekenning nie. Speler moet met opgaaf van redes genomineer word. Skoolbestuur keur goed of af.

3. Sertifikaat van Verdienste

Spelers van die eerste rugbyspan kwalifiseer vir hierdie toekenning. ‘n Speler moes egter die oefeninge op ‘n gereelde basis bygewoon het, en ten minste drie ligawedstryde vir die eerste span gespeel het. (‘n Gekose reserwe tel asof gespeel.)

4. Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie

‘n Seun moet vir die Boksburgspan verkies word, en vir die span ‘n wedstryd speel om vir die toekenning te kwalifiseer.

5. Rugbybalkie + Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie

‘n Seun moet vir die die Gautengspan wat aan die National Ball Games gaan deelneem, Valke Uitnodigingspan, XV-tal verkies word en aan ‘n XV-tal week, en of ten minste een wedstryd vir een van die spanne speel om ‘n rugbybalkie te ontvang.

6. Erekleure + Erekleuresertifikaat + Balkie

‘n Seun moet vir die Valke se Cravenweekspan, O/12 span en/of die Valke se 7’s spanverkies word en die week bywoon om vir erekleure te kwalifiseer. Die leerling ontvang vir elke afdeling erekleure.

B.2. SPANNE

1. Sertifikaat van Deelname **Sien toekenning by**

2. Sertifikaat van Gelukwensing **B.1. INDIVIDUE -**

3. Sertifikaat van Verdienste

Elke individuele leerling ontvang hierdie toekenning indien daar so ‘n behoefte is.

4. Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie

‘n Rugbyspan (0/9 – 1e span) speel in die semi-finale van die provinsiale liga maar wen nie die semi-finaal nie. Elke individuele lid van die span ontvang hierdie toekenning.

5. Rugbybalkie + Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie

‘n Span (0/9 – 1e span) moet naaswenners van die Valke liga wees om hierdie toekenning te ontvang. Elke individuele lid van die span ontvang hierdie toekenning.

6. Erekleure + Erekleure sertifikaat

‘n Span moet Valke ligawenners wees om hierdie toekenning te ontvang. Elke individuele lid van die span ontvang hierdie toekenning. (In al 6 bogenoemde gevalle tel gekose reserwes as lid van die span- ongeag of hulle in betrokke wedstryd fisies gespeel het of nie).

B.3 TROFEë (WISSEL)

'n Leerling wat 'n wisseltrofee ontvang, ontvang 'n klein trofee daarmee saam, wat hy permanent hou. By alle trofeetoekennings moet die rugby-organiseerder afrigter 'n volledige motivering verskaf waarom die betrokke leerling die toekenning moet ontvang, en aan die dagbestuur voorlê.

1. Swanepoel trofee :

Word toegeken aan die rugbyspeler van die jaar, in die eerstespan. Vereistes is toegewydheid, spelpeil, kapteinskap, provinsiale spanne, proewe, die leerling wat die verste gevorder het in die rugbyseisoen
ens. Is nie noodwendig die kaptein wat die toekenning sal ontvang nie. Slegs die huidige jaar se prestasies word in aanmerking geneem. Hoogste prestasie word eerste in gedagte gehou.

2. Laerskool Westwood skild :

Word toegeken aan die rugbyspeler van die eerstespan wat die toegewydste was in sy rugbyseisoen. 'n Leerling kwalifiseer nie indien enige ander hoër rugbytoekenning ontvang is nie. Vereistes waarna gekyk word, is onder andere toegewydheid, bywoning van oefeninge, gesindheid – ek kry swaar, maar ek kom terug vir nog.

3. Aanmoedigheidsprys (klein trofee)

Hierdie toekennings kan gemaak word indien daar behoefte is en 'n speler kwalifiseer daarvoor. Die toekenning hoef nie noodwendig gemaak te word nie. Bv. Belowendste speler in die eerstespan.

4. Beste speler van die Jaar :

Aan 1 speler in elke span behalwe 1ste spanne

C. NETBAL

C.1. INDIVIDUE

1. Sertifikaat van deelname :

Word toegeken aan alle netbalspeelsters vanaf 0/7 – 0/13 (Oop A span uitgesluit) wat gedurende die jaar ten minste 50%) van alle wedstryde gespeel het. (Rereswes word getel as gespeel)

2. Sertifikaat van Gelukwensing :

Toegeken soos behoefte ontstaan (Sien Rugby B.1 nr. 2). As 'n dogter gekies word proewe vir 'n hoër span en dan vir die span gekies word.

3. Sertifikaat van Verdienste (Eerstespan)

Die Oop A netbalspan kwalifiseer vir hierdie toekenning. 'n Speelster moes egter die oefeninge op 'n baie gereelde basis bygewoon het, en ten minste drie (3) ligawedstryde vir die Oop A span gespeel het.

4. Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie

'n Dogter moet vir 'n volgende hoër span as die Oop A span verkies word en vir die span 'n wedstryd speel om vir die toekenning te kwalifiseer.

5. Netbalbalkie + Sertifkaat van Uitmuntende Prestasie

'n Dogter moet vir die streekspan verkies word en in 'n wedstryd vir die span speel om 'n netbalbalkie te ontvang.

6. Erekleure + Erekleuresertifikaat + Balkie

'n Dogter moet vir die Gautengspan (Provinsialespan) gekies word en die provinsiale toernooi bywoon om vir erekleure te kwalifiseer.

C.2. SPANNE

1. Sertifikaat van Deelname **Sien C.1**

2. Sertifikaat van Gelukwensing **INDIVIDUE**

3. Sertifikaat van Verdienste

Speelsters van die eerste netbalspan kwalifiseer vir hierdie toekenning. (Sien Rugby nr. 3) -naaswenners (enige span) van Kring of sirkel. Elke lid van span ontvang hierdie toekenning.

4. Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie

'n Netbalspan (0/9 – 1e span) moet 'n kring – of sirkelnaaswenner wees om hierdie toekenning te ontvang. Die span is nog nie "Pool" (Boksburg) ligawenners nie. Elke lid van die span ontvang hierdie toekenning. -naaswenners van Boksburg (D6 – Pool) ligawenners.

5. Netbalbalkie + Sertifikaat van Prestasie

'n Span moet (Boksburg) D6 "Pool"/kring – ligawenners wees om hierdie toekenning te ontvang. Elke lid van span ontvang hierdie toekenning. -naaswenners van Provinsiale (Gauteng) span.

6. Erekleure + Erekleuresertifikaat en balkie

'n Span (0/9 – 1e span) moet Provinsiale ligawenners wees om hierdie toekenning te ontvang. Elke individuele lid van die span ontvang hierdie toekenning.

By al bogenoemde word gekose reserwes beskou asof gespeel.

C.3. TROFEë (WISSEL)

'n Leerling wat 'n wisseltrofee ontvang, ontvang 'n klein trofee daarmee saam wat sy permanent hou. By alle trofeetoekennings moet die netbalorganiseerder/afrigter 'n volledige motivering verskaf, waarom die betrokke leerling die toekenning moet ontvang, en aan die dagbestuur voorlê.

1. Laerskool Westwood Skild

Word toegeken aan die netbalspeelster van die eerstespan wat die Toegewydste was in haar netbalseisoen. 'n Leerling kwalifiseer nie indien enige ander hoër netbaltoekenning ontvang is nie. Vereistes waarna gekyk word, is o.a. toegewydheid, bywoning van oefeninge, gesindheid – ek kry swaar, maar kom terug vir nog.

2. Jan Viljoen trofee :

Word toegeken aan die netbalspeelster, Gr 7 dogter, van die jaar in die Oop A span.

Vereistes is toegewydheid, spelspeel, kapteinskap, proewe, provinsiale spanne ens. Is nie noodwendig die kaptein wat die toekenning ontvang nie. Slegs die huidige jaar se prestasies word in ag geneem.

3. Aanmoedigingspryse (klein trofeë)

Hierdie toekenning kan gemaak word indien daar behoefte is, en 'n speler kwalifiseer daarvoor. Die toekenning hoef nie noodwendig gemaak te word nie. Voorbeeld : Belowendste speler.

4. Speelster van die Jaar

Aan 1 speler in elke span behalwe Oop A span

D. KRIEKET

D.1. INDIVIDUE

1. Sertifikaat van Deelname :

Word toegeken aan alle kriektspelers (0/7 – 0/12 – 1e span uitgesluit) wat gedurende die jaar ten minste 50% van alle wedstryde gespeel het. (Reserwes word getel asof gespeel).

2. Sertifikaat van Gelukwensing :

Soos behoefte bepaal.

3. Sertifikaat van Verdienste (1ste span)
Die eerste krieketspan kwalifiseer vir hierdie toekenning. ‘n Speler moes egter die oefeninge op ‘n gereelde basis bygewoon het, en ten minste drie (3) ligawedstryde vir die 1ste span gespeel het.

4. Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie
‘n Seun moet vir die Boksburgspan verkies word en vir die span ‘n wedstryd speel om vir die toekenning te kwalifiseer of ‘n amptelike reserwe wees.

5. Krieketbalkie + Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie
‘n Seun moet vir die Streek Krieketspan verkies word en in ‘n wedstryd vir die span speel om ‘n krieketbalkie te ontvang of ‘n amptelike reserwe wees.

6. Erekleure + Erekleure sertifikaat + Balkie
‘n Seun moet vir die Oostelikes/Easterns Laerskole Krieketspan verkies word en die Provinsiale kriekettoernooi bywoon en ‘n wedstryd speel om vir die erekleure te
kwalifiseer.

D.2. SPANNE

1. Sertifikaat van Deelname **Sien B.1**

2. Sertifikaat van Gelukwensing

3. Sertifkaat van Verdienste **Sien B.1**
-naaswenners van poel,kring- of sirkelliga

4. Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie
‘n Krieketspan (0/9 – 1e span) moet ‘n poel/kring- of sirkelwenner wees om hierdie toekenning te ontvang. Die span is nog nie die Boksburg ligawenners nie. Elke individuele lid van die span ontvang hierdie toekenning. Naaswenners van Boksburg liga.

5. Balkie + Sertifikaat van Prestasie :
‘n Span (0/9 – 1e span) moet Boksburg ligawenners wees om hierdie toekenning te ontvang. Elke individuele lid van die span ontvang hierdie toekenning. Naaswenners van Oostelikes liga.

6. Erekleure + Erekleure sertifikaat + Balkie
‘n Span (0/9– 1e span) moet Oostelikes/Easterns krieket ligawenners wees om hierdie toekenning te ontvang. Elke individuele lid van die span ontvang hierdie toekenning. In al bo-genoemde gevalle word gekose reserwes beskou asof hulle gespeel het.

D. 3. TROFEë
‘n Leerling wat ‘n wisseltrofee ontvang, ontvang ‘n klein trofee daarmee saam wat hy permanent hou. By alle trofeetoekennings moet die krieketafrigter/ organiseerder ‘n volledige motivering verskaf waarom die betrokke leerling die toekenning ontvang, en aan die dagbestuur voorlê.
0/10 + 0/11 – Junior

1. Ludick Trofee :
Beste junior kolwer. Die speler met die beste kolfgemiddeld in alle wedstryde gedurende die seisoen gespeel. Kolwer moes ten minste vyf(5) kolfbeurte gekolf het.

2. Van Vuuren Trofee :
Beste Junior bouler. Die speler met die beste boulgemiddeld (lopies/ paaltjies) maar kyk ook na lopies/boulbeurte indien nodig. Bouler moes ten minste 15 boulbeurte geboul het.

3. Strydom trofee :

Beste senior kolwer. Die speler met die beste kolfgemiddeld in alle wedstryde gedurende die seisoen gespeel. Kolwer moes ten minste vyf (5) kolfbeurte gekolf het.

4. Strydom trofee :

Beste senior bouler. Die speler met die beste boulgemiddeld (lopies/ paaltjies) maar kyk ook na lopies/boulbeurt indien nodig. Bouler moes ten minste vyftien (15) boulbeurte behaal het.

5. Aanmoedigingspryse (klein trofeë)

Hierdie toekennings kan gemaak word indien daar behoefte is, en ‘n speler kwalifiseer daarvoor. Die toekenning hoef nie noodwendig gemaak te word nie.

Voorbeeld : Driekuns

Vyftigtal in ‘n wedstryd of 5 paaltjies in een wedstryd (“Five wickets hall”)

6. Krieketspeler van die Jaar -

Word toegeken aan die beste Krieketspeler van die Jaar in die 1e span. Vereistes is toegewydheid, spelpeil, kapteinskap, provinsiale span, proewe ens. Hoogste prestasie behaal tel die meeste. Goed op alle terreine – boul, kolf, veldwerk, netheid ens.

7. Speler van die Jaar

Aan 1 speler per span, behalwe 1ste span

E. LANDLOOP

E.1. INDIVIDUE

1. Sertifikaat van Deelname :

Aan alle atlete wat ten minste aan 2 uit 3 byeenkomste deelgeneem het.

2. Sertifikaat van Gelukwensing

Word toegeken soos behoefte ontstaan.

3. Sertifikaat van Verdienste

Atlete wat vir die skool aan die landloop ligabyeenkoms deelneem , en twee keer onder die eerste twintig (20) atlete plek kry, kwalifiseer om aan die Boksburg kampioenskappe deel te neem, kwalifiseer vir die toekenning. Atleet moet aan kampioenskappe deelneem om te kwalifiseer.

4. Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie

Atleet moet vir die Boksburgspan aan die Distrik (D6) byeenkoms deelneem om hierdie toekenning te ontvang.

5. Balkie + Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie

Die atlete wat aan die Distriksbyeenkoms deelneem en vir die Distriksspan gekies word om aan Gauteng (Provinsiale) byeenkoms deel te neem, ontvang hierdie toekenning.

Indien die skoolspan die Boksburgliga wen ontvang alle atlete wat onder die eerste 20 atlete in hul ouderdomsgroep was, ‘n balkie. Indien slegs ‘n ouderdomsgroep, seuns of dogters, hul afdeling wen, ontvang die atlete van ons skool wat onder die eerste 20 plek behaal het in die spesifieke ouderdomsgroep, almal balkies.

6. Erekleure + erekleure sertifikaat + Balkie

Die atlete wat aan die Provinsiale byeenkoms (Gauteng) deelneem en vir die Provinsiale span gekies word om aan die SA kampioenskappe deel te neem, ontvang hierdie toekenning. Die atleet moet aan die byeenkoms deelneem om te kwalifiseer.

E.2. SPANNE

Indien ‘n span die Boksburg liga wen kwalifiseer die span vir ‘n Balkie

E. 3. TROFEë

1. **Laerskool Westwood Admin Trofee (Senior seun) Gr. 4-7**
   Word toegeken aan die beste senior landloopseun wat die hoogste span en beste posisie in die hoogste kompetisie behaal het (0/10 – 0/13)
2. **Laerskool Westwood Admin Trofee (Senior dogter) Gr. 4-7**
   Word toegeken aan die beste senior landloopdogter wat die hoogste span en beste posisie in die hoogste kompetisie behaal het (0/10 – 0/13)
3. **Laerskool Westwood trofee (Junior seuns) Gr. 1-3**
   Word toegeken aan die beste junior landloopseun wat die hoogste span en beste posisie in die hoogste kompetisie behaal het (0/7 – 0/9)
4. **Laerskool Westwood Trofee (Junior dogter) Gr. 1-3**
   Word toegeken aan die beste junior landloopdogter wat die hoogste span en beste posisie in die hoogste kompetisie behaal het (0/7 – 0/9)

F. TENNIS

F.1. INDIVIDUE

1. **Sertifikaat van Deelname :**
   Aan alle spelers wat ten minste 50% van alle oefeninge bygewoon het of wedstryde gedurende die seisoen gespeel het. (0/7 – 0/13)
2. **Sertifikaat van Gelukwensing :**
   Word toegeken soos die behoefte ontstaan.
3. **Sertifikaat van Verdienste (Eerstespan) :**
   Die 1e span (seuns en dogters) kwalifiseer vir hierdie toekenning. ‘n Speler moes egter die oefeninge gereeld bygewoon het, en ten minste drie (3) liga-wedstryde vir die 1e span gespeel het.
4. **Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie :**
   ‘n Speler moet vir die Kringsspan verkies word en vir die span ‘n wedstryd speel of om te kwalifiseer vir die toekenning.
5. **Balkie + Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie :**
   Die tennisspeler moet vir ‘n streekspan verkies word, en vir die span ‘n wedstryd gespeel het of drie jaar agtereenvolgens vir die eerste span gespeel het ontvang hierdie toekenning.
6. **Erekleure + erekleure sertifkaat + Balkie**
   ‘n Speler moet vir ‘n Provinsiale span verkies word en die Provinsiale tennis toernooi bywoon om vir ereklere te kwalifiseer.

F.2. SPANNE

1. **Sertifikaat van Deelname** **Sien B. 1**
2. **Sertifikaat van Gelukwensing**
3. **Sertifikaat van Verdienste**
   Naaswenners van die kring of sirkel. Elke individuele lid van span ontvang hierdie toekenning.
4. **Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie**
   ‘n Tennisspan moet ‘n wenner van die kring of sirkel (Afdeling voor ingeskryf) wees om hierdie toekenning te ontvang. Elke individuele lid van

die span ontvang hierdie toekenning.

5. Balkie + Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie
'n Tennisspan moet ligawenners van die liga waarvoor ingeskryf is wees om hierdie toekenning te ontvang. Elke individuele lid van die span ontvang hierdie toekenning.

6. Erekleure + Erekleure sertifikaat + Balkie
Provinsiale liga wenners wees om vir hierdie toekenning te kwalifiseer. Elke individuele lid ontvang hierdie toekenning.

F.3. TROFEë (WISSEL)
'n Leerling wat 'n wisseltrofee ontvang, ontvang 'n klein trofee daarmee saam wat hy permanent hou. By alle trofeetoekennings moet die tennisorganiseerder/afrigter 'n volledige motivering verskaf waarom die betrokke leerling die toekenning ontvang en aan die dagbestuur voorlê.

1. M. Strydom Trofee
Die beste meisies dubbelpaar ontvang hierdie trofee.

2. Attie Labuschagne Trofee
Die beste seuns dubbelpaar ontvang hierdie trofee.

3. Labuschagne Trofee
Die beste meisies enkelspel speelster ontvang hierdie trofee.

4. Labuschagne Trofee
Die beste seuns enkelspel speler ontvang hierdie trofee.

G. HOKKIE

G.1. INDIVIDU

1. Sertifikaat van Deelname :
Aan alle spelers wat ten minste 50% van alle oefeninge bywoon en/of wedstryde gedurende die seisoen gespeel het.

2. Sertifikaat van Gelukwensing :
Word toegeken soos die behoefte ontstaan.

3. Sertifikaat van Verdienste (Eerstespan) :
Die 1e span kwalifiseer vir hierdie toekenning. 'n Speler moes 50% van die oefeninge bygewoon het, en ligawedstryde vir die 1e span gespeel het.

4. Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie :
'n Speler moet vir die Boksburgspan verkies word en vir die span 'n wedstryd speel om te kwalifiseer vir die toekenning.

5. Balkie + Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie :
Die speler moet vir 'n streekspan verkies, en vir die span 'n wedstryd vir die span gespeel het, ontvang hierdie toekenning.

6. Erekleure + erekleure sertifikaat + Balkie
Speler moet vir Provinsiale span gekies word en aan inter-provinsiale toernooi deelneem om vir die toekenning te kwalifiseer.

G.2. SPANNE

1. Sertifikaat van Deelname Sien B. 1

2. Sertifkaat van Gelukwensing

3. Sertifikaat van Verdienste
Eerste span leerlinge, O/13 dogters, kwalifiseer hiervoor

Elke individuele lid van span ontvang hierdie toekenning

4. Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie

'n Hokkiespan moet 'n kringwenner wees (Afdeling voor ingeskryf) om hierdie toekenning te ontvang. Elke individuele lid van die span ontvang hierdie toekenning.

5. Balkie + Sertifikaat van Uitmuntende Prestasie

'n Hokkiespan moet Boksburg/Sirkel ligawenners wees om hierdie toekenning te ontvang. Elke individuele lid van die span ontvang hierdie toekenning.

6. Erekleure + Erekleuresertifikaat + Balkie

Ons skool speel nie in 'n liga waar ons provinsiale wenners kan wees nie. Leerlinge kwalifiseer vir erekleure indien hulle 'n derde hokkiebalkie verwerf.

G. 3 TROFEë (WISSEL)

'n Leerling wat 'n wisseltrofee ontvang, ontvang 'n klein trofee daarmee saam wat hy permanent hou. By alle trofeetoekennings moet die hokkie organiseerder / afrigter 'n volledige motivering verskaf waarom die betrokke leerling die toekenning ontvang en aan die dagbestuur voorlê.

1. VAN DER WESTHUIZEN TROFEE

Speelster van die Jaar – 1ste span O/13. Verste gevorder in die sportsoort indien daar 'n gelykop uitslag is. Indien daar nie 'n speelster is wat verder gevorder het nie word die trofee gedeel.

2. Aanmoedingsprys

Hierdie toekenning kan gemaak word indien daar 'n behoefte is, en 'n speler kwalifiseer daarvoor. Die toekennings hoef nie noodwendig gemaak te word nie.

3. Speler van die Jaar

Aan 1 speler per span behalwe 1ste span.

H. ALGEMENE SPORTTROFEë

1. Skild - Sportseun van die Jaar - O/10 en ouer

2. Skild - Sportdogter van die Jaar - O/10 en ouer

Vereistes :

Al die sportaktiwiteite wat die skool aanbied, word in ag geneem. Die Hoogste vlak in enige sportssoort, sowel as veelsydigheid in verskeie sportsoorte, word in ag geneem. Skaak word nie in aanmerking geneem vir bogenoemde nie.

3. Laerskool Westwood Trofee (Ou Astroids)

Mees toegewydste sportseun en dogter.

Toegeken aan leerling wat geen ander toekennings ontvang het nie, maar wat toegewyd was. Vereistes waarna gekyk moet word is o.a. toegewydheid, bywoning van oefeninge, gesindheid – ek kry swaar, maar ek kom terug vir nog.Verkieslik vir senior leerlinge in Gr. 7.

I. ALGEMEEN

J. TABELLE

SPORTSEUN/ DOGTER VAN DIE JAAR

NAAM VAN LEERLINGE : _____

SPORTSOORT	DEELNAME (2)	A-SPAN (3)	KRINGSPAN (4)	SUB-UNIESPAN (5)	PROVINSIAAL (6)	NASIONAL DEELNAM (7)
ATLETIEK						
RUGBY						
KRIEKET						
NETBAL						
HOKKIE						
TENNIS						
LANDLOOP						
VALKIE-RUGBY						
MINI-NETBAL						
SUB-TOTALE						

TOTAAL

==========

_____

1. **Leerlinge word deur die personeel genomineer.**
2. **Punte word toegeken soos deelname deur die leerling.**
3. **Slegs die hoogste punt vir deelname word bereken m.a.w. ‘n Cravenweekspeler kan slegs 7 punte vir rugby verdien.**
4. **Die leerling met die hoogste punte totaal is die sport seun/dogter van die jaar.**
5. **Hierdie leerling kan uit enige graad in die skool wees.**

VEELSYDIGSTE LEERLING

1. Die leerling wat die hoogste totaal vir al drie afdelings (Akademie, sport, kultuur) tesame het is die veelsydigste leerling.
2. Hierdie leerling kan net uit Graad 7 gekies word.
3. Personeel nomineer leerlinge n.a.v. die punte behaal in die drie bg. afdelings. Hul name word dan op die lys gesit en beoordeel.

NAAM EN VAN	AKADEMIE	SPORT	KULTUUR	TOTAAL